

VOORSORGMAATREËLS VIR BEJAARDES EN ANDER KWESBARE PERSONE

Voorkom só die verspreiding van die koronavirus (Covid-19) aan bejaardes en kwesbare persone.



VOORSORGMAATREËLS VIR TEHUISE VIR BEJAARDES EN ANDER KWESBARE PERSONE

ALGEMENE HIGIËNE:

- Voldoende handontsmetmiddels moet by ingange beskikbaar gestel word.
- Besoekers behoort maskers te gebruik.
- Verhoog persoonlike higiëne van die inwoners.
- Verseker dat alle toerusting (rolstoel, loopraam, storthandvatsels) wat ouer persone gebruik gereeld met ontsmet-middels skoon gemaak word.

FISIËSE AANRAKING:

- Fisiese aanraking in eetsale moet vermy word. Probeer om ten minste een meter weg van mekaar te sit.
- Verdeel die bejaardes in groepe tydens etenstye. Langer etenstye gaan moontlik nodig wees.
- Gebruik maskers en handskoene indien moontlik.
- Beperk direkte aanraking met medikasie.
- Indien bejaardes uit die tehuis geneem word, moet die familie waarborg verskaf dat die bejaarde nie geïnfekteer is wanneer die persoon na die tehuis terugkeer nie.
- Indien 'n bejaarde siek is, isoleer die persoon van ander inwoners, sover moontlik.



WEND TEGNOLOGIE AAN:

- Verminder fisiese besoeke, maar wend tegnologie aan om kontak tussen die bejaarde en familieleden te bewerkstellig.
- Moedig kinders aan om bejaardes te bel indien hulle in self isolasie is, om eensaamheid teë te werk.
- Maak seker daar is voldoende lugtyd op die bejaarde se selfoon.
- Voorsien 'n noodklokkie vir noodgevalle.

PERSONEEL:

- Indien personeel van die tehuis siek is, moet kontak vermy word.
- Werknemers moet sover as moontlik nie met taxi's of busse ry nie.

TEHUISE VIR BEJAARDES:

- Vrywilligers kan hul naaste tehuis skakel en vra wat die tehuis se maatreëls is en hoe die tehuis bygestaan kan word.
- Na aanleiding van die tehuis se behoeftes kan die onderstaande aspekte ook toegepas word.

BEJAARDES NIE IN TEHUISE NIE:

- Behou kontak met die bejaarde of kwesbare persone deur telefoonoproepe, WhatsApp video-oproepe of Skype.
- Stig 'n WhatsApp-groep vir ondersteuning.
- Maak seker daar is voldoende lugtyd op die bejaarde se selfoon.
- Laat kleinkinders briefies skryf of prentjies teken en stuur 'n foto na die bejaarde se selfoon.
- Gee aan die persoon 'n kontaknommer indien hulle iets nodig.
- Stuur leesstof vir die mense – tydskrifte en boeke.
- Neem luisterboeke by die biblioteek uit, maak dit deeglik skoon en stel dit vir die bejaarde beskikbaar.
- Lees 'n boek voor terwyl jy jouself opneem en stuur die boekvoorlesing aan 'n tehuis of bejaarde om te luister.
- Bied aan om kruideniersware vir bejaardes te gaan koop. Laai die pakkies by die ontvangs af en ontsmet soos nodig.
- Vrywilligers kan medikasie vir bejaardes oplaai en by hulle gaan aflaai.
- Ondersteun bejaardes met hul banksake – aanlyn bankdienste moet sover moontlik gedoen word.
- Hou noodnommers byderhand indien die bejaarde nie op oproepe reageer nie.

